

**Donderdag 22 September**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:12-19**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:14 (AFR83)**

**Die opstanding maak of breek ...**

Dis óf die een óf die ander. Jy glo dat Jesus se oorwinning oor die dood ook aan jou die oorwinning oor die dood sal gee, of jy glo nie dat jy liggaamlik uit die dood sal opstaan nie. Indien jy dit nie glo nie, sê jy egter ook dat Jesus se opstanding 'n leuen is – en daarom sal jy nie in hierdie hoop van die opstanding kan leef nie. Die kenmerke van 'n lewe wat vashou aan die opstanding, is:

*Jesus is ons krag* – Die opstanding uit die dood wys ons dat daar 'n krag, van buite hierdie skepping, moes kom om die skepping, wat onderhewig is aan sy natuurwette, te kon verander. In die natuur is dit baie duidelik dat dit wat dood is, ewig dood bly.

Tog het Christus gekom en uit die dood opgestaan, en dit is daardie selfde krag wat Hom uit die dood opgewek het, wat nou in ons as gelowiges werk (vgl. Ef. 1:19-20).

*Jesus se oorwinning verdryf vrees* – Jesus se opstanding is die bewys dat God die prys wat Jesus aan die kruis namens ons betaal het, aanvaar het (vgl. Rom. 4:25). Daar is nou geen veroordeling vir dié wat in Christus glo nie (vgl. Rom. 8:1).

Die gevolg is dat ons nou kan rus oor al die aanklagtes van die sonde in my verlede. Ons het nie meer rede om te vrees nie, want niks kan ons van die liefde van God skei nie. Ons kan in groot oorwinning sterf, want ons weet – Hy leef!

*In Jesus het ons 'n heerlike hoop* – Hierdie hoop wat die gelowige het, maak dat ons anders kyk na die lewe. Dink byvoorbeeld aan ons naaste. Ons hoef hulle nie te sien as vyande nie, al tree hulle soms so op. Ons naaste is nie in beheer van ons lewens nie, maar God is. Indien hulle ons leed aandoen, dan weet ons dat God dit ook ten goede sal gebruik, net soos Hy die kruisdood van Christus gebruik het om my van my ellende te red.

Indien jy glo in die opstanding, kan jy in hierdie heerlike hoop leef!

*Sing: Skrifberyming 1-2:1, 3*

*Dr. PJ de Bruyn (Paul) (Windhoek-Suid)*